**W**oensdag 24 April: "...laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof." (Hebreërs 12:1-2 Afr83)

**D**onderdag 25 April: FEBA se Etniese Bediening saai uit na minderheidsgroepe reg oor Suidoos-Asië, insluitende die Hmong, Khmu, Shan en Mien. Honderde duisende mense het reeds hul lewens aan Christus gegee as gevolg van hierdie uitsendings. Prys God dat Hy FEBA se Etniese Bediening gebruik om Christus aan die wêreld te bring deur middel van media.

**V**rydag 26 April: Het jy geweet? Na bykans 125 jaar se evangelisasie is Niger nog steeds meer as 99% Moslem. FEBA Niger is besig om 'n span van jong, passievolle gelowiges bymekaar te maak om die Goeie Nuus met die mense van Niger te deel. Bid dat God die FEBA Niger-span sal lei om programme te skep wat mense se harte sal aanraak.

**S**aterdag & Sondag 27-28 April: Die suide van Malawi beleef tans droogte en staar moontlik verminderde oeste in die gesig. Tog bly FEBA Malawi se oes oorvloedig: Litala FM kry elke maand talle nuwe luisteraars by, terwyl 'n menigte luisteraarklubs gevestig word in Yao Moslem-dorpe in Mosambiek, Malawi en Tanzanië. Prys God vir Sy seën op FEBA Malawi. Bid dat Hy verligting van die droogte sal gee en kos sal voorsien, en dat meer mense sal inskakel op Litala FM, om meer oor die God van liefde en wonderwerke te leer.

**M**aandag 29 April: Bid vir gelowiges in Indië, waar meer state openlik onvriendelik teenoor Christenskap raak. Baie Indiërs, veral jongmense, ly aan geesteskwale soos depressie. Bid dat hulle FEBA Indië se uitsendings sal ontdek en die Goeie Nuus sal aanvaar, en dat God genesing in die land sal bring.

**D**insdag 30 April: "Ek is deur jul programme geseën en getroos, wat my nader aan God gebring het. My gesin luister omdat jul programme my lewe verander het en my help om sterk te staan in God. Ek was onlangs opgewonde toe ek tien radio's kon koop om vir nuwe Christene en mense in die kerk te gee, sodat hulle ook God se boodskap van hoop kan hoor." (FEBA Kambodja-luisteraar)


## Kontak ons op:

+27 81 265 4801

+27 12 335 5708

info@febaradio.co.za

www.febaradio.co.za


## Maak 'n donasie:

Standard Bank
Rek nr.: 20 10 84 775
Tak kode: 014 845

FNB
Rek nr.: 627 131 687 99
Tak kode: 250 655

ABSA
Rek nr.: 40 55 31 35 41
Tak kode: 632 005

Of Snapscan >

Of volg ons op sosiale media:

mailchimp


Posbus 31435, Wonderboom Poort, 0033 683 8th Avenue, Mayville, Pretoria, 0083


FEBA SUID-AFRIKA

# Gebeds Fokus April 2024



"Sing tot eer van die Here, almal op aarde! Verkondig elke dag sy reddingsdade! Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade."

***1 Kronieke 23-24 Afr83***

**Maandag 1 April:** FEBA China se Liangyou Bybelinstituut het al duisende pastore opgelei om die Goeie Nuus met mense in China en Hong Kong te deel. Ten spyte van swaarder inperkings hou die kerk aan groei, sodat daar nou 'n behoefte is aan sterk leiers. Bid dat God dinamiese leiers deur FEBA China se opleidingsprogram sal oprig.

**Dinsdag 2 April:** "Ek het van God geweet, maar nie in Hom geglo nie. Ons is geseënd om elke oggend na Pamalandong te luister. Ons is dankbaar vir die goeie lesse uit God se Woord. Ek glo nou in God. Ek het geleer ons moet Hom net vertrou en Hy sal voorsien wat ons nodig het." (FEBA Filippyne-luisteraar)

**Woensdag 3 April:** "Die gees wat julle ontvang het, is nie 'n gees wat weer van julle vreesbevange slawe maak nie. Julle het die Gees van ware kindwees ontvang en deur hierdie Gees roep julle uit to God: Abba – ons Vader. Want die Gees self bevestig teenoor ons eie gees dat ons God se kinders is." (Romeine 8:15-16 NLV)

**Donderdag 4 April:** FEBA Filippyne deel nie net die Goeie Nuus met 65% van die Filippyne in bykans 26 plaaslike tale nie, maar bestuur ook twee kortgolfstasies wat die evangelie in 42 tale aan luisteraars in die buiteland uitsaai. Bid dat God die FEBA Filippyne-span en hul werk sal seën, totdat almal gehoor het.

**Vrydag 5 April:** FEBA Soedan maak goeie vordering, maar daar is 'n behoefte aan mense wat toegerus is om die radiostasie te vestig. Bid dat God elke besluit sal rig en dat Hy vaardige mense sal inspireer om betrokke te raak, sodat FEBA Soedan die evangelie so gou as moontlik kan begin uitsaai.

**Saterdag & Sondag 6-7 April:** In Noord-Korea leef die meeste mense in vrees en armoede. Om oor te loop na die suide is gevaarlik as gevolg van die owerheid, mensehandelaars en bedrog. As hulle wel Suid-Korea haal, word hulle gereeld verstoot. FEBA Korea saai programme uit wat deur Noord-Koreaanse oorlopers geskep en aangebied word om Noord-Koreaanse luisteraars te vertel van die God wat vir hulle omgee. Briewe van luisteraars getuig van die hoop wat hulle in Christus vind deur FEBA Korea se uitsendings. Bid dat God FEBA se luisteraars in Noord-Korea sal bewaar en baie ander Noord-Koreane in staat sal stel om Hom deur die radio te ontmoet.

**Maandag 8 April:** FEBA Indonesië se kinderprogram, Avontuur in God se Koninkryk, saai nou op Radio Heartline uit. Die aanbieder, wat bekend staan as Oom Timo, leer kinders en hul ouers hoe om die Bybel te lees en stiltetyd met God te hou. Bid dat FEBA Indonesië se program baie kinders sal bereik en 'n nuwe geslag getroue Christene sal oprig.

**Dinsdag 9 April:** "Te danke aan KanuYah FM kon ek in Djokéli 'n Bybelskool begin waar ek nou vir 42 kinders van die Bybel leer. Hulle luister elke dag saam met hul ouers na KanuYah FM, wat my werk baie maklik maak. Mag God KanuYah FM en FEBA altyd seën! Amen." (FEBA Mali-luisteraar)

**Woensdag 10 April:** "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." (Johannes 13:34-35 Afr83)

**Donderdag 11 April:** FEBA Kazakstan word nie toegelaat om in hul land oor die radio uit te saai nie, maar hul sosiale media-bediening groei sterk! Duisende Moslems kyk hul video's. Bid dat God FEBA Kazakstan sal help om diegene wat misnoeg is met hul sukses, goed te behandel, en dat Hy hulle sal inspireer met inhoudskepping.

**Vrydag 12 April:** FEBA Ethiopië se uitsending bereik luisteraars so ver weg as Irak en Libanon. Hulle het al getuienisse ontvang van mense wat die program per abuis opspoor en dan hul harte vir Christus gee. Bid dat baie luisteraars die waarheid van God se genade deur FEBA Ethiopië se programme sal ontdek.

**Saterdag & Sondag 13-14 April:** FEBA se Internasionale Raadskonferensie begin Maandag, 15 April. Leiers van elke FEBA-veld vergader in Seoel, Suid-Korea, om stories te deel, opleiding te ontvang en strategiese beplanning te doen. Bid dat FEBA se leiers God se teenwoordigheid by die konferensie sal ervaar en Sy leiding sal volg in hul besluitneming. Bid dat God hulle sal seën met kreatiwiteit in hul probleemoplossing en dat hulle veilig sal terugkeer om Sy wysheid met hul spanne te deel.

**Maandag 15 April:** Voice of Egypt, FEBA Internasionaal se aanlyn-radiospan, het onlangs drie nuwe personeellede bygekry. Bid dat hulle hul werk met passie en ywer sal doen en dat God vir hulle kreatiewe idees sal gee om die Goeie Nuus met meer luisteraars te kan deel.

**Dinsdag 16 April:** "'n Rukkie gelede het ek FEBA Korea gevra om vir my ouer broer te bid. Hy het 'n ydel lewe gelei sonder om in Jesus te glo, maar aan die einde van sy lewe het hy Jesus wonderbaarlik aanvaar. Ek het gebed versoek sodat my broer, wat min tyd oorgehad het, sy lewe in vrede kon afsluit. Dankie vir jul gebede." (FEBA Korea-luisteraar)

**Woensdag 17 April:** "Sing tot eer van die Here, almal op aarde! Verkondig elke dag sy reddingsdade! Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade." (1 Kronieke 23-24 Afr83)

**Donderdag 18 April:** Maleisië se grondwet bepaal dat elke etniese Maleisiër 'n Moslem is. Indien 'n etniese Maleisiër dus tot bekering kom, loop hulle die risiko van wetsoortreding. Bid dat God vir FEBA Maleisië sal gebruik om verandering in Maleisië se samelewing te bring, wetmakers inkluis, sodat Sy kinders Hom vrylik kan aanbid.

**Vrydag 19 April:** FEBA Mosambiek bestuur 'n landbouprojek wat weduwees van werk voorsien en honger mense voed. God het hulle met goeie oeste geseën. Prys God vir Sy voorsiening en bid dat FEBA Mosambiek se bediening dieselfde sukses sal geniet. Bid ook vir die Radio Nuru-span in die noorde, waar jihadiste-geweld voortduur.

**Saterdag & Sondag 20-21 April:** Het jy geweet? Japan word soms 'n "sendeling begraafplaas" genoem omdat dit so moeilik is om die evangelie daar te versprei. Boeddhisme en Shintoïsme is so verweef in die samelewing dat dit deel van die kultuur geword het. Maar God is 'n God van hoop, so FEBA Japan het dié maand drie nuwe programme begin uitsaai en ondersoek maniere om die internet meer optimaal te benut. Bid dat God die FEBA Japan-span met kreatiwiteit sal seën en baie luisteraars op hul programme sal laat inskakel.

**Maandag 22 April:** Die jihadiste-invalle in Mali vererger. Burgerlikes, kinders inkluis, ly in die konflik tussen jihadiste en Mali se sekuriteitsmagte. Bid dat God Sy kinders sal bewaar, dat FEBA Mali baie luisteraars met die Goeie Nuus sal bereik, en dat selfs die jihadiste Christus sal ontmoet.

**Dinsdag 23 April:** "Ek word meestal deur vriende en familie afgeskeep. Ek was baie seergemaak en het hoop verloor. Op 'n dag het ek die Passion for Youth-program gehoor en geleer dat ons ons smart in vreugde kan omskep deur God te vertrou. Ek het 'n gereelde luisteraar geword. Die FEBA Pakistan-span se hoopvolle boodskappe, bemoedigende berading en liefdevolle houding het hoop en vreugde in my lewe gebring." (FEBA Pakistan-luisteraar)